Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Redewan Larney**
Hoofdirektoraat: Distrikte
Redewan.Larney@westerncape.gov.za | 021 467 2337

Lêerno.: 27/R
Verwysing: 200240409-2958

Inrigtingsontwikkeling- en koördineringminuut: 0002/2024

Aan: Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

**Onderwerp: Aansoeke om bedryfslisensies by die provinsiale regulatoriese entiteit deur diensverskaffers en persone wat privaat vervoer aan leerders verskaf, en die rol van die prinsipaal**

## 1. Agtergrond

1.1 Ingevolge die *National Land Transport Act*, 2009 (Wet 5 van 2009) moet alle voertuie, wat deur diensverskaffers of persone gebruik word om privaat vervoer aan leerders na en van skole teen monetêre vergoeding te verskaf, bedryfslisensies van die provinsiale regulatoriese entiteit (PRE) bekom. Die PRE se hoofkantoor is in Kaapstad geleë.

1.2 Om 'n bedryfslisensie te bekom, moet 'n diensverskaffer of persoon wat privaat vervoer aan leerders na en van skole teen monetêre vergoeding verskaf, verskeie dokumente vir verifikasie ingevolge die toepaslike vervoerwette voorlê.

1.3 Daar is tot nou toe van diensverskaffers verwag om 'n ondersteuningsbrief van die prinsipaal te verkry, wat oor die algemeen nie altyd tot 'n positiewe uitkoms gelei het nie. Dit het op sy beurt weer daartoe bygedra dat talle diensverskaffers nie om 'n bedryfslisensie kon aansoek doen nie, en het sodoende die veiligheid van leerders in gevaar gestel. Die verkeersdienste in die provinsie het om hierdie rede die monitering van diensverskaffers wat leerders vervoer, geprioritiseer en dit het daartoe gelei dat groot boetes opgelê is en/of voertuie geskut is.

## 2. Nuwe maatreëls vir aansoeke om bedryfslisensies en die rol van die prinsipaal

2.1 Ten einde die veiligheid van leerders en die bogenoemde aansoekproses te verbeter, het die PRE sy stelsel gewysig waarvolgens 'n diensverskaffer of persoon wat privaat vervoer aan leerders na en van skole teen monetêre vergoeding verskaf, nie meer 'n ondersteuningsbrief van prinsipale nodig het om hul aansoek te steun nie.

2.2 Sodra 'n diensverskaffer of persoon, wat privaat vervoer aan leerders na en van skole teen monetêre vergoeding verskaf ,om 'n bedryfslisensie aansoek doen, sal die **PRE 'n e-pos aan die betrokke skole stuur om te bevestig** of daar leerders by die skool geregistreer is wat vervoer vanaf 'n spesifieke area benodig.

2.3 Dit is belangrik dat die adreslys van leerders en ander inligting op SOBIS akkuraat en volledig is en voortdurend bygewerk word.

2.4 Raadpleeg asseblief **Bylae A** vir 'n voorbeeld van die e-pos wat die PRE aan skole sal stuur.

2.5 Wanneer die beheerliggaam en/of prinsipaal skriftelik op die PRE se e-pos reageer om te bevestig of daar leerders is wat by die skool geregistreer is en in die betrokke area(s) woon, aanvaar hulle geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir die bestuurders se optrede of nienakoming van die toepaslike padverkeerswette en/of regulasies nie.

2.6 Om te verseker dat aansoeke vinnig en doeltreffend hanteer word, word skole versoek om binne die vasgestelde tydsraamwerke op die PRE se e-pos te reageer. Voorts word versoek dat die e-pos waarin 'n antwoord aan die PRE gestuur word, ook aan die betrokke kringbestuurder gerig word.

3. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke rolspelers.

**GETEKEN:** A MEYER
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING**
**DATUM:** 2024-04-10